**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

**Saak nr: 1951/2004**

In die saak tussen:

| | |
|---|---|
| **PETRUS JACOB NAUDE** | Applikant/Eiser |
| en | |
| **HENDRIK BENJAMIN VAN HUYSSTEEN** | 1ste Resondent/1ste Verweerder |
| **HENDRIKA CORNELIA VAN HUYSSTEEN** | 2de Respondent/2de Verweerder |

---

| | |
|---|---|
| **UITSPRAAK:** | VAN COPPENHAGEN R |
| **AANGEHOOR OP:** | 21 tot 25 FEBRUARIE 2005 &<br>21 tot 23 JUNIE 2005 |
| **GELEWER OP:** | 25 AUGUSTUS 2005 |

---

[1] In die aansoek, wat op 22 Junie 2004 uitgereik en op 23 Junie 2004 aan die respondent beteken was vra applikant in effek

(a) dat sy seun, André Naude gebore 24 Oktober 2001 wat in respondente se bewaring is aan hom

oorhandig word en

(b) dat respondente die koste van die aansoek betaal.

Die aansoek van applikant beslaan ‘n lywige 77 bladsye waarop respondente met ‘n ewe lywige 151 bladsye opponering geantwoord het.

In hul opponerende verklaring doen respondente aan die hand dat dit in die beste belang van die seuntjie, André Naude sal wees om in hulle bewaring te bly en gevolglik dat die aansoek afgewys sal word met koste.

Respondente voer aan dat dit in die beste belang van die jonge André sal wees om in hul bewaring geplaas te word en doen dan ook aansoek vir ‘n bevel met sondanige bepalings.

[2] Op 24 Junie 2004, die datum waarop die aansoek aanvanklik geplaas was, was dit by ooreenkoms uitgestel tot 29 Julie 2004 en verdere bevele betreffende die indiening van opponerende en respliserende stukke gemaak.

Op 29 Julie 2004 het ek, vanweë die verskeie feitlike geskille wat nie bloot op beëdigde verklaring kon bygelê word nie (vergelyk **ADMINISTRATEUR TRANSVAAL v THELETSANE & OTHERS** 1992 (2) SA 192 AA 197) en

die belange van ‘n minderjarige pertinent ter sprake was, ingevolge die diskresie aan my verleen in hofreël 6(5)(g), die aansoek vir verhoor verwys en gelas dat die steunende verklaring en stukke as dagvaarding en die opponerende stukke as verweerskrif geag sal word.

Tussentydse bewaring van die seuntjie, met deels omskrewe toegangsregte aan applikant, was aan die respondente toegesê.

‘n Lasgewing om ‘n regspraktisyn, soos bedoel in artikel 28(1)(h) van die Grondwet, Nr. 108 van 1996, om vir die minderjarige in die verrigtinge te verteenwoordig, was ook gemaak.

[3] In die verhoor wat in aanvang geneem op 21 Februarie 2005 het Advokaat Reinders vir applikant en Advokaat Van Niekerk vir respondent verskyn.

Advokaat H. Murray, bygestaan deur die Staatsprokureur, Bloemfontein het ingevolge my lasgewing vir die minderjarige verskyn. My waardering vir hul dienste word

ongekwalifiseerd geboekstaaf.

[4] Die posisie van ‘n kind in die Suid Afrikaanse Reg het sedert Romeinse en Germaanse tye dramaties verander. Die belangrikste en ingrypendste verandering is dat, anders as in die Romeinse Reg, die Suid Afrikaanse Reg nie langer die ongekwalifiseerde gesag van die ouer oor die kind erken nie; in die Suid Afrikaanse reg is die Hoërhof die oppergesag en oppervoog van alle minderjariges binne die betrokke hof se jurisdiksie-gebied (vergelyk **CALITZ v CALITZ** 1939 AD 56 te 63).

In die uitoefening van daardie voogdyskap is mettertyd die beginsel dat die belange van die kind vooropgestel word, neergelê.

In **FLETCHER v FLETCHER** 1948(1) SA 135 AA 134 verwoord Centlivres AR (soos hy toe nog was) dié beginsel:

> "For if, as Feetham A.J.A., said in Cook's case, the children's interest must undoubtedly be the main consideration, it should follow that when it is clear that, in the interests of the children themselves, their custody should be awarded to the guilty party, such interests must override the fact that the other party was the innocent party."

In sy minderheids-uitspraak in voormelde gewysde beklemtoon Schreiner AR, telkens die belange van die minderjarige kind en word dit as volg op bladsy 145 verwoord:

> "The language used in some of the cases referred to in Cook's case had suggested that in each case the factors of fatherhood, innocence and welfare of the children ought to be weighed, the one against the other, although they are so essentially different and unrelated as to make this process of balancing really impracticable. This difficulty could be avoided and the paramountcy of the welfare of the children be given effect most satisfactorily by holding that "questions of fatherhood or innocence come into account only when it is not clear what is the best for the children"; or, as Greenberg, J.P., put it elsewhere in his judgment,

> "if the interests of a child or children will clearly be served better by its being in the custody of one spouse, then custody will be given to that spouse even though the other spouse is both the father and the innocent party."

> "The word "clearly" I understand to mean, simply by a balance of probabilities such as normaly suffices to discharge an *onus* in a civil suit. I have perused these passages carefully and they seem to me to be give no greater effect to the predominance of the welfare of the children than is inherent in a language of Cook's case and the cases cited therein, while they provide a better form of guidance than expressions that suggest a mere balancing of one factor against another or others."

[5] Konstant en eksplisiet is Howie AR (soos hy toe nog was) se uitspraak in **B v S** 1995(3) SA 571 A, te 581 A-D, waarin hy met goedkeuring aanhaal uit *Re* KD (*minor*) (*ward: termination of access*) (1988) 1 ALL ER 577 (HL) te 588 g-j:

> "Parenthood, in most civilised societies, is generally conceived of as conferring on parents the exclusive privilege of ordering,

> whithin the family, the upbringing of children of tender age, with all that that entails. That is a privilege which, if interfered without authority, would be protected by Courts, but it is a privilege circumscribed by many limitations imposed both by the general law and, when the circumstances demand, by the court or by the authorities on whom the Legislature has imposed the duty of supervising the welfare of children and young persons. When the jurisdiction of the court is invoked for the protection of the child the parental privileges do not terminate. They do, however, become immediately subservient to the paramount consideration which the court has always in mind, that is to say the welfare of the child. That is the basis of the decision of your Lodship's House in *F v C* and I see nothing in *R v UK* which contradicts or casts any doubt on that decision or which calls now for any reappraisal of it by your Lordships. In particular, the description of those familial rights and privileges enjoyed by parents in relation to their children as "fundamental" or "basic" does nothing, in my judgment, to clarify either the nature or the extent of the concept which it is sought to describe."

[6] Indien daar enige twyfel sou bestaan oor die beginsel wat moet geld wanneer 'n kind ('n persoon onder 18 jaar, vergelyk artikel 28(3) van Die Grondwet, Wet Nr. 108 van 1996) geraak word, is die bepalings van artikel 28 (2) van die Grondwet, myns

insiens deurslaggewend. Die subartikel bepaal naamlik:

> "(2) 'n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak."

[7] In voormelde uitspraak, tewete **B v S** 1995 (3) SA 571 A te 580 C – E het Howie AR ook met 'n ouer se aanspraak op "reg tot bewaring" tot 'n kind gehandel met instemmende verwysing na **A v C** 1985 FLR 445 (CA) te 455 E – H as volg:

> "The judge *a quo* took the point at an early stage in the judgment, when he came to deal with the law, that it was a mistake to talk, in relation to access, in terms of rights, and he was undoubtedly, in my judgment, correct in what he said. The word "rights" is a highly confusing word which leads to a great deal of trouble if it is use to loosely, particularly when it is used loosely in a court of law. So far as access to a child is concerned, there are no rights in the sense in which lawyers understand the word. It is a matter to decide always entirely on the footing of the best interest of a child, either by an agreement between the parties or by the court if there is no agreement. The first and paramount consideration (is)

the welfare of a child, bearing in mind, of course, the wishes and feelings and so on of the respective parents and other people concerned with the child, but always bearing in mind that their decision must rest in terms of the best interest of the child, having taking all these other factors into account."

Howie AR konkludeer dan ook te bladsy 581 I – 582 B:

"The dicta in these cases are clear and persuasive. They show that no parental right, privilege or claim as regards access will have substance or meaning if access will be inimical to the child's welfare. Only if access is in the best interest can access be granted. The child's welfare is thus the central, constant factor in every instance. On that, access is wholly dependent. It is thus the child's right to have access, or to be spared access that determines whether contact with a non-custodian parent will be granted. Essentially, therefore, if one is to speak of an inherent entitlement at all, it is that of a child, not the parent."

[8] Hierdie verrigtinge handel oor die bewaring van André Naude, 'n seuntjie wat op die datum waarop hierdie uitspraak gelewer word maar slegs 3 jaar en etlike maande oud is.

My opdrag, ingevolge die Grondwet, is om die seuntjie se

"beste belange" prioriteit te verleen by oorweging van die feite en in my beslissing daaraan beslag te gee.

[9] Applikant se standpunt is en so was dit ook namens hom aangevoer is onomwonde; omdat hy die biologiese vader van André is, is hy, ongeag, geregtig op die bewaring van André.

Die vertrekpunt is, soos uit die aanhaling uit **B v S** *supra* met verwysing na *Re* K.B., misplaas; die regte of belange van die biologiese ouer, trouens enigeen, wat betref 'n kind is ondergeskik aan die oorheersende oorweging naamlik die beste belang van die kind.

Hurt R het in **P AND ANOTHER v P AND ANOTHER** 2002 (6) SA 105 NPD met 'n standpunt soortgelyk aan dié van applikant as volg gehandel, te 107 H – 108 A:

> "Now I have seen fit to quote this section which is already well known and widely applied in our law because it seems to me from the evidence which has been adduced before me that at least the second defendant in this case is labouring under a basic and, to me, alarming misconception about her position

> as the biological mother of the child, Georgina Pollastri.
>
> First the aspect which emerges from the Constitution is that it is the child's rights which are defined and not those of the parents. In law the existence of a right is tantamount to the creation on the part of another of a duty to fulfil that right. Guardianship and custody should not be viewed as rights vesting in the parent, but as duties imposed upon the parent. The section in the Constitution (and the common law, for many years) has required those duties to be exercised in the interests of the child. In considering what is the best interest of the child, the courts have, since Roman times, regarded the biological bond between the child and its parents as almost sacrosanct only to be disrupted or affected by the intervention of the Court in its capacity as the upper guardian where the interests of the child, and not those of the parents, so dictate,"

[10] Die agtergond tot hierdie verrigtinge, wat tragies soos dit is, is bondig die volgende:

Applikant, Petrus Jacob Naude, gebore 14 Februarie 1975 het vir Linda van Huyssteen, gebore 1 Oktober 1981 die aangenome dogter van Johanna Francis van Huyssteen, die suster van Hendrik Benjamin van Huyssteen, die eerste respondent, ontmoet terwyl sy as skooldogter gedurende 'n skoolvakansie in Lindley gaan kuier het. Hierdie verhouding het tot 'n romanse en uiteindelik 'n huwelik op 18 Februarie 2001 gely.

Applikant se werksrekord op daardie stadium en direk na

die huwelik was nie voorbeeldig nie; trouens oneerlikheid en laksheid het tot ontslag en degradering in sy werk aanleiding gegee. Onverantwoordelike finansiële optrede het ook tot gevolg gehad dat van die egpaar se goedere op beslag gelê was en in eksekusie verkoop was. Linda het ook, om fondse te bekom, leuens aan haar moeder vertel.

In en onder voormelde omstandighede is André Naude, (André) 'n seuntjie, vir die egpaar op 24 Oktober 2001 gebore.

Die egpaar se huwelik was egter in chaos, en verbale gevegte was skynbaar aan die orde van die dag – tot so 'n mate dat die predikant wat André sou doop geweier het om dit te doen nadat hy die woordelikse uitval tussen die egpaar ervaar het.

Egskeiding was bespreek en oorweeg, en sou op waarskynlikhede volg as Linda nie op 13 Junie 2002 in 'n motorongeluk verongeluk het nie.

André se toekoms was na Linda se begrafnis te Lindley tydens 'n "familie-vergadering" en voorafgaande gesprekke tussen applikant, sy skoonmoeder, sy ouers en ene Koos

van der Merwe, Linda se stiefvader asook die predikant van Lindley bespreek. Dit was besluit dat André, weens applikant se totale onbekwaamheid om na André om te sien, met instemming van 1ste en 2de respondente in hulle bewaring geplaas sou word. André was dan ook op 23 Junie 2002 in pleegsorg by die 1ste en 2de respondente geplaas.

André se fisiese en psigiese toestand met oorhandiging aan respondente was kommerwekkend. Sy immuunstelsel was verswak, hy was ondervoed en het mediese behandeling behoef. Hy het angsaanvalle, veral snags beleef en was verward. Hierdie probleme was deur respondente aangespreek deur mediese hulp te vekry, en hom geborgenheid en liefde, asook koestering asof hy hulle eie was, te gee.

Tot Junie 2003, dit wil sê, vir bykans ‘n volle jaar, het applikant slegs eenmaal telefoniese navraag oor André gedoen. Hy het geen finansiële of enige bydrae *in natura*

tot André se welsyn gemaak nie en nog minder enige poging aangewend om met hom te bind.

In Junie 2003 het applikant se ouers kinderhofverrigtinge aanhangig gemaak waarin hulle, dit is die paterne grootouers, die bewaring van André gevorder het. Applikant het vir die eerste keer sedert Junie 2002 vir André gesien.

Applikant self het nie versoek dat André in sy bewaring geplaas word op daardie stadium nie.

Die paterne grootouers se aansoek om met die bewaring van André beklee te word is egter laat vaar. Die waarskynlikhede is oorweldigend dat hul besef het dat die respondente as pleegouers hulle uitstekend van hul taak gekwyt het, en dat hulle aansoek nie suksesvol sou wees nie.

Tydens ‘n paneelbespreking in September 2003, met onder andere applikant se ouers en maatskaplike werkers was gerapporteer dat applikant skynbaar nie in André belangstel nie. Die reaksie hierop was ‘n driedaagse besoek deur applikant aan Lindley waartydens hy André slegs ‘n enkele maal besoek en gesien het.

‘n Verdere paneelbespreking in November 2003 waartydens applikant se teenwoordigheid verlang was het ‘n enkele besoek aan André deur applikant tot gevolg gehad, en net so ook tydens die voortsetting van die kinderhofverrigtinge in Januarie 2004 en dit terwyl die geleentheid voorgedoen het dat applikant André meer

dikwels kon sien.

Applikant het, nadat 'n "binding" gereël was te Lindley vir 3 weke besoek. Applikant het André slegs besoek tydens die geskeduleerde sessies en dit terwyl hy vir langer as 'n week nog in Lindley teenwoordig was waartydens hy geen moeite gedoen het om André te besoek nie.

Applikant se laaste besoeke aan André was in Junie en Julie 2004 en daarna weer in Februarie 2005. Vanaf laasgenoemde datum tot en met Junie 2005, het applikant geen kontak hoegenaamd met André, direk of indirek gehad nie.

[11] Dit was algemeen aanvaar, in so ook was die oorweldigende getuienis dat respondente hulle uitermate goed gekwyt het van hulle taak as toesigouers. Die oorweldigende getuienis is trouens dat André hulle vanweë hulle toewyding, versorging en koestering as sy eie ouers en dus as primêre versorgers ervaar en sien. Hy, André, is

deel van wat allerweë as 'n gelukkige huisgesin beskryf kan word.

[12] Evaluasie van alle omstandighede deur Professor Swanepoel, 'n voorligting- en opvoedkundige sielkundige en Dr. A. Weyers, 'n kliniese sielkundige, die enigste deskundiges wat getuig het en wat hulle evaluasie geskoei het op die basis dat die beste belang van die kind gedien moet word, was dat André in die sorg van respondente geplaas moet word.

Prof. Swanepoel sluit haar aanvullende en finale verslag af:

> "1. Die ondergetekende is daarvan oortuig, dat dit nie in belang van André kan wees om nou uit die sorg van die Van Huyssteen gesin verwyder te word en in sy biologiese vader se sorg geplaas te word nie. Hoewel daar toegegee word dat biologiese of genetiese bande belangrik is in enige mens se lewe, is dit alleen belangrik indien die persoon bewus is van sodanige verbinding en dat 'n gebrek daaraan 'n verlies in die persoon se lewe impliseer. Die feit van hierdie saak is egter, André <u>weet</u> nie dat Mnr. Naude sy biologiese

pa is nie, vir hom is daar slegs een pa, naamlik Mnr. Van Huyssteen. Hy ken slegs een gesin, naamlik die Van Huyssteen gesin.

2. Die verwydering van die enigste basis van sekuriteit wat hy sedert sy geboorte KEN is krimineel en grens aan emosionele mishandeling en op geen opvoedkundige en sielkundige beginsels regverdigbaar nie. Indien daar werklik in die beste belange van André opgetree word sal hy by die enigste gesin wat hy ken en liefhet gelaat word om optimaal te kan ontwikkel in die mens wat hy kan word."

Dr. Weyers se finale gevolgtrekking en aantekening lees:

"5.1 Die taak om 'n aanbeveling te maak met betrekking tot toesig en bewaring blyk in hierdie geval uiters gekompliseerd te wees.

5.2 Aan die een kant sit ons met 'n biologiese vader wat 'n problamatiese geskiedenis het, min of geen moeite gedoen het om kontant met sy kind te maak nie, geen finansiële bydrae

maak nie, nie sy beloftes nakom nie, finansiële probleme ondervind en homself in 'n relatiewe nuwe huwelik verbind wat nog nie die toets van die tyd weerstaan het nie. Opsommend kan sy funksionering van die verlede as onstabiel en onbetroubaar beskrywe word. Iemand aan wie die taak van ouerskap nie met 'n geruste gewete opgelê kan word nie. Die afgelope jaar is sy optrede deur groter stabiliteit gekenmerk. Hy is getroud met 'n bekwame en stabiele vrou onder wie se toesig en hulp hy meer volwasse geword het. Die indruk is dat haar teenwoordigheid 'n goeie invloed op Mnr. Naude het. Die probleem is egter dat hy steeds nie sy beloftes en verpligtinge teenoor sy kind nagekom het nie. Finansiële probleme word gedeeltelik daarvoor as verskoning gebruik. Indien dit die geval is, dan is die indruk dat hy ook finansiëel gesproke nie vir André kan bekostig nie. Veral nie as daar tans gepoog word om hulle gesin verder uit te brei nie. Die vraag kan ook gestel word watter versekering bestaan daar dat Mnr. Naude se meer volwasse gedrag standhoudend van aard sal wees? In die geheel gesien, word Mnr. Naude se situasie deur baie vraagtekens gekenmerk. Dit moet egter nie uit die oog verloor word dat hy steeds die biologiese vader van André is nie.

5.3 Aan die ander kant het die Van Huyssteengesin 'n feitlik vlekkelose geskiedenis. Beide die pleegouers se geskiedenis word gekenmerk deur goeie en verantwoordelike persoonlikheidsfunksionering. Beide ouers funksioneer probleemloos. Hulle het ook goeie ervaring van die opvoeding van kinders. Hulle eie kinders is die bewys van hulle doeltreffende ouerskap. Ook in die gemeenskap word hulle gerespekteer. Hulle is ook in staat om finansiële las van ouerskap te dra. Daar moet ook in ag geneem word dat hulle bereid was om dit te dra, toe daar 'n noodsituasie met betrekking tot die versorging van 'n kind in nood was. Hulle positiewe invloed was ook sodanig dat 'n kind met aanpassingsprobleme tot 'n

normaal funksionerende individu ontwikkel het. André is as een van die gesinslede gevestig en hy assosieer hom ten volle met die Van Huyssteengesin. As gevolg van Mnr. Van Huyssteen se werk is die geleentheid ook daar dat ouerskap tans konstant aanwesig is en dat André feitlik voltyds in die teenwoordigheid van sy pleegvader verkeer. Dit sal nie die geval wees by die Naude's nie.

5.4 André is 'n minderjarige kind van 3 jaar. Hy vereenselwig hom ten volle met die Van Huyssteengesin. Die kinders wat in hierdie gesin aanwesig is, beskou hy as sy broers en suster. Sy insig is nog nie voldoende ontwikkel om die situasie ten volle te begryp nie. Indien hy van sy pleegsorggesin geskei word, toon hy vir 'n geruime tyd daarna onttrekkingsimptome. Dit kan ook verband hou met die feit dat hy redelik onlangs vanuit moeilike omstandighede onttrek is en in 'n gesin met stabiliteit geplaas is. Dit is moontlik dat hierdie ervaring nog steeds 'n faktor is wat nog nie heeltemal verwerk is nie en probleemgedrag ontlok wanneer hy van sy bron van sekuriteit verwyder word.

5.5 Die Van Huyssteen's is André se primêre gesin en hulle is sy "sielkundige" ouers wat aan hom die nodige sekuriteit verskaf. Indien hy van hulle geskei word toon hy emosionele ontrekkingsimptome wat nadelig is. Sy emosionele band met sy biologiese vader is onontwikkeld. Hy mag moontlik tydelik tevrede in sy teenwoordigheid wees, maar indien hierdie periode te lank duur, toon hy problamatiese reaktiewe gedrag wat aanduidend is daarvan dat sy sekuriteit aangetas word.

5.6 Hier is dus twee basiese situasies aanwesig. Die een van die Naude's wat tans deur groot onsekerheid gekenmerk word. Die ander situasie is die van die Van Huysteen's wat gekenmerk word deur stabiliteit, konstantheid en voorspelbaarheid. Laasgenoemde is onontbeerlik vir die effektiewe persoonlikheidsontwikkeling van 'n jong kind. André bevind hom ook nou in 'n stadium waar sy persoonlikheid eers gevestig moet word. Die spreekwoordelike buig die boompie solank hy nog jonk is, is van toepassing. Die situasie rondom die Van Huyssteens is dus die enigste waarborg waaraan hierdie vereistes voldoen sal kan word. Hulle is ook die ouers wat in staat is om aan al die emosionele, fisiese, morele en sekuriteitsbehoeftes van André te voorsien.

5.7 Dit is die ondergetekende se oordeel dat dit beslis nie in die beste belang van André sal wees as hy nou onder toesig en bewaring van die Naude-gesin geplaas word nie. Veral nie nadat hy die afgelope tyd suksesvol daarin geslaag het om goed aan te pas nie. Hy moet eers tyd gegun word om persoonlikheidsgewys en op die emosionele vlak permanent te stabiliseer, voordat dit oorweeg kan word om weer aan sy situasie te verander.

5.8 Die veral volgende aanbevelings word in die lig van die huidige feite tot my beskikking gemaak:

5.8.1 Dat André beslis nie nou onder toesig en bewaring van Mnr. Naude geplaas word nie.

5.8.2 Dat dit in die beste belang op die kort en lang termyn van André sal wees as die Van Huysteen's toesig en bewaring op 'n permanente basis verkry.

5.8.3 Indien die hof van mening sou wees dat die biologiese verwantskap 'n té belangrike faktor is wat

> nie ge-ignoreer kan word nie kan oorweging geskenk word aan die moontlikheid dat André eers vanaf skoolgaande ouderdom onder toesig en bewaring van Mnr. Naude geplaas word. Dit sou die voordele meebring dat die Naude-gesin eers hulle persoonlike- finansiële-, huweliks- en gesins-omstandighede vestig en groter stabiliteit verkry. Intussen kan emosionele band tussen vader en seun gevestig en ontwikkel word deur van kort besoeke gebruik te maak. Die nadeel is egter dat dit sal veroorsaak dat huidige onsekerhede nie finaal opgeklaar word nie en dit verdere finansiële koste sal meebring.

Persoonlik verkies ek aanbeveling 5.8.2 naamlik dat die Van Huyssteen's nou permanente toesig en bewaring verkry. Die meeste langtermynwaarborge en emosionele en finansiële sekuriteit en gesonde persoonlikheidsontwikkeling van André is daarin geleë. Dit sal dus oor die kort- en langtermyn in die beste belang van hierdie kind wees."

[13] Die *viva voce* getuienis van voormelde getuienis het my besonder beëindruk, en ek het geen huiwering om te bevind dat hul gevolgtrekkings objektief en feitlik gefundeer is nie.

[14] My gevolgtrekking uit al die getuienis is dat dit in die beste belang van André sal wees om in die bewaring van respondente te bly. Redelike toegang tot André deur applikant is 'n gegewe.

[15] Beide partye het gevra dat die koste die resultaat moet volg. Ek meen tog dat die verrigtinge in wese 'n ondersoek na die beste belang van 'n minderjarige kind is, en gevolglik geen kostebevel gemaak moet word nie.

[16] Die volgende bevel word gemaak:

16.1 Die applikant se aansoek word afgewys.

16.2 André Naude, gebore 24 Oktober 2001 word in die bewaring van die respondente geplaas, met redelike toegang ooreenkomstig, onderlinge reëlings tussen respondente en applikant, aan applikant.

16.3 Geen kostebevel word gemaak nie, ook nie wat betref die voorbehoude koste nie.

---

**G. VAN COPPENHAGEN R**

| | |
|---|---|
| Namens die applikant/Eiser: | Adv. S.J. Reinders<br>In opdrag van:<br>Rosendorff & Reitz Barry<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die 1ste en 2de<br>Respondente/Verweerders: | Adv. P.A. van Niekerk<br>In opdrag van:<br>Syminigton & De Kok<br>BLOEMFONTEIN |

/em